Laerskool Wonderboom

BELEID OOR MERIETE: SPORT

INHOUDSOPGAWE

TITEL VAN DIE BELEID 1
EFFEKTIEWE DATUM.....1
HERSIENINGSINLIGTING.....1
VOORWOORD 1

1. Kriteria vir Sportseun/Sportdogter van die jaar 3
2. Jakaranda Makelaars Trofee: Junior Sportseun/Sportdogter van die jaar 3
3. Trofee: Veelsydigste Sportseun/Sportdogter van die jaar.....3
4. Atleet van die Jaar: Seun.....3
5. Atleet van die Jaar: Dogter 4
6. Kriteria vir Paula More Trofee: Belowendste (Junior) Hokkiespeler.....4
7. Kriteria vir Paula More Trofee: Beste Hokkiespeler 4
8. Kriteria vir Thinus Venter Trofee: Beste vordering in hokkie (Senior) 5
9. Kriteria vir Thinus Venter Trofee: Beste Senior Hokkiespeler.....5
10. Kriteria vir trofee: Beste hokkie doelwagter.....5
11. Beste Junior kolwer van die jaar 5
12. Beste Junior bouler van die jaar 6
13. Kriteria vir Rynier de Jager Trofee: Junior Krieketspeler van die jaar 6
14. Beste Senior bouler van die jaar.....6
15. Beste Senior kolwer van die jaar 6
16. Kriteria vir Hardy van Tiddens Trofee: Senior Krieketspeler van die jaar.....7
17. Kriteria vir Adolf Ellis Trofee: Meelewendste landloper van die jaar 7
18. Kriteria vir BCD van Wyk Trofee: Beste landloper van die jaar: Seun 7
19. Kriteria vir Koos Bradley Trofee: Beste landloper van die jaar: Dogter 7
20. Kriteria vir Netbaltrofee: Verdedigende netbalspeler van die jaar 7
21. Kriteria vir Netbaltrofee: Aanvallende netbalspeler van die jaar.....8
22. Kriteria vir Rugbytrofee: Rugbyspeler van die jaar.....8
23. Kriteria vir Ettienne Lewis Trofee: Bordspeler van die jaar 8
24. Kriteria vir Johan Dreyer Trofee: Veelsydigste skaakspeler.....8
25. Kriteria vir Renier Swart Trofee: Junior skaakspeler van die jaar 8
26. Kriteria vir Ettienne Lewis Trofee: Skaakspeler van die jaar 9
27. Kriteria vir Ruan Buckley Trofee: Swemmer van die jaar: Seun 9
28. Kriteria vir Charlene Buckley Trofee: Swemmer van die jaar: Dogter 9
29. Kriteria vir Pierre Wessels Trofee: Belowendste swemmer 9
30 Kriteria vir Ena Coetser Trofee: Beste vordering: tennis 10
31. Kriteria vir Fourie Toekenning: Beste Junior tennisspeler.....10
32. Kriteria vir tenniskampioen van die jaar: Seun.....10
33. Kriteria vir tenniskampioen van die jaar: Dogter 10

AANVAARDING EN GOEDKEURING DEUR DIE BEHEERLIGGAAM 10

BYLAAG A: Veelsydigste Sportseun/Sportdogter 11
BYLAAG B: Sportseun en Sportdogter van die jaar 12
BYLAAG C: Junior Sportseun en Sportdogter van die jaar 13

TITEL VAN DIE BELEID

Beleid oor Meriete: Sport

EFFEKTIEWE DATUM

2022

HERSIENINGSINLIGTING

Datum van volgende hersiening: Soos benodig.

VOORWOORD

Die Beleid is geformuleer om alle primêre sportsoorte oor min of meer dieselfde kam te skeer, met die doel voor oë om meriete deur alle sportsoorte konstant toe te pas. Laerskool Wonderboom streef daarna om in alle sportsoorte op die hoogste moontlike vlak mee te ding. Klem is gelê om die prestasies in spanverband te beloon, aangesien dit potensiaal het om oor ‘n wyer spektrum van aktiwiteite positiewe bemarking vir Laerskool Wonderboom te bewerkstellig. Ruim voorsiening is egter gemaak om Provinsiale en Nasionale deelname te beloon. Hoogste toekenning in spesifieke sport word telkens ontvang.

Sport	Deelname sertifikaat	Sertifikaat (Verguld / Versilwerd / Brons)	Medalje (Goud / Silwer / Brons)	Balkie / Trofee
Riglyn	**Liga vir skool**	**Distrikspan / Individuel**	**Ligawenner – span / Provinsiaal**	**Nasionale deelname**
Atletiek	Deelname aan byeenkomste	**Verguld:** Verkies tot Distrikspan	**Goud:** Deelname aan Provinsiale kampioenskap	Deelname aan Nasionale Kampioenskap
Tennis	Deelname aan skole liga	**Verguld:** • Gauteng–Noord Interprovinsiale span • Wenners C-liga **Versilwerd:** Wenners D-liga	**Silwer:** Wenners van A-liga **Brons:** Wenners B-liga	Verteenwoordig provinsie in Interprovinsiale toernooi
Skaak	Deelname	**Versilwerd:** Verkies tot Distrikspan vir Individuele deelname **Verguld:** Verkies tot Gautengspan – neem Interprovinsiaal deel	**Brons:** • Plaaslike distrikwenners • B-span naaswenners in liga, indien A-span liga wen **Silwer:** GTS Naaswenners	• Verteenwoordig Gauteng by Nasionale Individuele Kampioenskappe • GTS wenner – neem nasionaal deel
Gholf	Deelname aan liga	**Verguld:** Genooi na Gauteng–Noord, Individuele proewe	**Brons:** Ligawenner **Silwer:** Naaswenner in Gauteng–Noord uitspele **Goud:** Wenners Gauteng–Noord	Deelname aan Provinsiale toernooi – Individueel
Rugby	Deelname aan liga	**Versilwerd:** • C–E Distrikspan • Span 3de in liga **Verguld:** A- en B-span Distrik	**Brons:** 2de in liga **Silwer:** Liga Wenners **Goud:** Verloor in finaal	• Deelname aan Provinsiale week – 0/13 of 0/12 • Stadsbekers wenners
Krieket	Deelname aan liga	**Versilwerd:** • Naaswenner Dag/Aand reeks • 3de in liga **Verguld:** Verkies tot Distrikspan **Verguld:** Wenner Dag/Aand reeks	**Brons:** 2de in liga **Silwer:** Liga Wenners **Goud:** Verloor in finaal	Verkies tot Northerns Titans span, deelname aan Inter-provinsiaal Wen stadsbeker
Netbal	Deelname aan liga	**Brons:** Neem deel aan D4-proewe **Versilwerd:** Neem deel aan Tshwane proewe **Verguld:** Neem deel aan Gauteng proewe	**Brons:** Ligawenner **Silwer:** Semi-finaal van provinsiale uitspele **Goud:**Finaal van Provinsiale uitspele.	Verkies tot Gautengspan Wenner Provinsiale uitspele, vorder na SA's.
Hokkie	Deelname aan liga	**Verguld:** Deelname aan finale rondte proewe voor Provinsiale span verkies word	**Goud:** Ligawenner	**Brons:** C-span provinsiaal **Silwer:** B-span provinsiaal **Goud:** A-span provinsiaal
Landloop	Deelname aan ten minste 2 ligas	**Verguld:** Verkies tot Distrikspan	**Goud:** Deelname aan Provinsiale kampioenskap	Deelname aan Nasionale kampioenskap
Swem	Deelname aan ten minste 2 galas	**Verguld:** Deelname aan Gauteng proewe (kwalifiserende tyd)	**Brons:** Derde in A-liga **Silwer:** Tweede in A-liga **Goud:** Eerste in A-Liga	Verkies tot Gautengspan

1. KRITERIA VIR SPORTSEUN / SPORTDOGTER VAN DIE JAAR (BYLAAG B)

Om te kwalifiseer moet die atleet aan die volgende vereistes voldoen:

- Word toegeken aan leerders vanaf 0/10 tot 0/13 wat aan genoemde vereistes voldoen.
- Kandidaat met die hoogste getal punte ontvang die toekenning.
- Kandidate moet 20 en meer punte op die kriterialys behaal om in aanmerking te kom vir die toekenning.
- Kandidaat het ten minste drie geaffilieerde sportsoorte vir die skool deelgeneem.
- Kandidaat was waardige beelddraer van Laerskool Wonderboom.
- Kandidaat het ware sportmanskap vertoon.
- Kandidaat het provinsiale kleure verwerf in een of meer sportsoorte.
- **Indien twee kandidate ewe veel punte behaal, word die toekenning aan die veelsydigste kandidaat toegeken**. **Indien kandidate steeds gelyk is, sal die senior kandidaat gekies word.**

2. JAKARANDA MAKELAARSTROFEE: JUNIOR SPORTSEUN / SPORTDOGTER VAN DIE JAAR (BYLAAG C)

Om te kwalifiseer moet die leerder aan die volgende vereistes voldoen:

- Word toegeken aan leerders 0/7 tot 0/9.
- Kandidaat met die hoogste getal punte en wat aan genoemde vereistes voldoen ontvang die toekenning.
- Kandidate moet 20 en meer punte op die kriterialys behaal om in aanmerking te kom vir die toekenning
- Kandidaat het aan ten minste drie geaffilieerde sportsoorte vir die skool deelgeneem.
- Kandidaat was waardige beelddraer van Laerskool Wonderboom.
- Kandidaat het ware sportmanskap vertoon.
- **Indien twee kandidate ewe veel punte behaal, word die toekenning aan die veelsydigste kandidaat toegeken**. **Indien kandidate steeds gelyk is, sal die senior kandidaat gekies word.**

3. TROFEE: VEELSYDIGSTE SPORTSEUN / SPORTDOGTER VAN DIE JAAR (BYLAAG A)

Om te kwalifiseer moet die leerder aan die volgende vereistes voldoen:

- Word toegeken aan leerders vanaf graad 1 tot 7.
- Die toekenning is gebaseer op veelsydigheid in sport.
- Kandidaat het aan ten minste drie geaffilieerde sportsoorte vir die skool deelgeneem.
- Kandidaat met die hoogste punte ontvang die toekenning.
- Kandidate moet 20 en meer punte op die kriterialys behaal om in aanmerking te kom vir die toekenning.
- **Indien twee kandidate ewe veel punte behaal, word die toekenning aan die veelsydigste kandidaat toegeken**. **Indien kandidate steeds gelyk is, sal die senior kandidaat gekies word.**

4. ATLEET VAN DIE JAAR: SEUN

Om te kwalifiseer moet die atleet aan die volgende vereistes voldoen:

- Deelname vir Gautengprovinsie aan Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.
- Atleet wat die verste op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vorder.

- Hoogste totaal behaal vir gesamentlike punte op ABSA-tabel.
- Indien daar twee kandidate is kan die ABSA-tabel se data gebruik word om die beste atleet aan te dui.
- Indien geen atleet vorder tot by die SA's nie, sal die atleet met die hoogste prestasie tydens die atletiekseisoen die trofee ontvang.
- Die atleet wat die hoogste prestasie bereik het tydens die atletiekseisoen ontvang die toekenning.
- Indien daar twee kandidate is wat ewe ver gevorder het, kan die ABSA-tabelle se data gebruik word om die beste atleet aan te dui.

5. ATLEET VAN DIE JAAR: DOGTER

Om te kwalifiseer moet die atleet aan die volgende vereistes voldoen:
- Deelname vir Gautengprovinsie aan Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.
- Atleet wat die verste op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vorder.
- Hoogste totaal behaal vir gesamentlike punte op ABSA-tabel .
- Indien daar twee kandidate is kan die ABSA-tabel se data gebruik word om die beste atleet aan te dui.
- Indien geen atleet vorder tot by die SA's nie, sal die atleet met die hoogste prestasie tydens die atletiekseisoen die trofee ontvang.
- Die atleet wat die hoogste prestasie bereik het tydens die atletiekseisoen ontvang die toekenning.
- Indien daar twee kandidate is wat ewe ver gevorder het, kan die ABSA-tabelle se data gebruik word om die beste atleet aan te dui.

6. KRITERIA VIR PAULA MORE TROFEE: BELOWENSTE (JUNIOR) HOKKIESPELER

Om te kwalifiseer moet die hokkiespeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Gereelde bywoning van oefeninge en wedstryde.
- 0/10 tot 0/12-speler (Indien gelyk, sal die 0/12-speler voordeel gegun word).
- Entoesiasme vir die spel.
- Positiewe gesindheid teenoor sport en medespelers.
- Stiptelikheid.
- Deurlopende deelname aan skool se hokkie-aktiwiteite.
- Deursettingsvermoë.

7. KRITERIA VIR PAULA MORE TROFEE: BESTE HOKKIESPELER

Om te kwalifiseer moet die hokkiespeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Gereelde bywoning van oefeninge.
- Deurlopende deelname aan skool se hokkie-aktiwiteite.
- Speel in hokkieliga waaraan skool deelneem.
- Toegeken aan speler in die 0/10A, 0/11A en 0/12A-span (indien gelyk, sal 0/12-speler bevoordeel word).
- Hokkiespeler wat die hoogste prestasie behaal, wat aan die voorafgaande kriteria voldoen het tydens die hokkieseisoen, ontvang die trofee soos deelname aan streek/provinsiaal/nasionaal.
- Indien daar meer as een kandidaat is, word trofee toegeken aan kandidaat wat die **beste** presteer het
- Leerder wat kaptein of onder kaptein van 'n span is

8. KRITERIA VIR THINUS VENTER TROFEE: BESTE VORDERING IN HOKKIE (SENIOR)

Om te kwalifiseer moet die hokkiespeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Gereelde bywoning van oefeninge.
- Graad 7-speler.
- Entoesiasme vir spel.
- Stiptelikheid.
- Deurlopende deelname aan skool se hokkie-aktiwiteite.
- Speel al die ligawedstryde.
- Buitegewonde goeie sportmansgees.
- Deulopende groei en vordering deur die seisoen**.**

9. KRITERIA VIR THINUS VENTER TROFEE: BESTE SENIOR HOKKIESPELER

Om te kwalifiseer moet die hokkiespeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Gereelde bywoning van oefeninge.
- Deurlopende deelname aan skool se hokkie-aktiwiteite.
- Speel in hokkieliga waaraan skool deelneem.
- Toegeken aan senior speler uit 0/13.
- Hokkiespeler wat die hoogste prestasie behaal, wat aan die voorafgaande kriteria voldoen het tydens die hokkieseisoen, ontvang die trofee soos deelname aan streek/provinsiaal/nasionaal.
- Indien daar meer as een kandidaat is, word trofee toegeken aan kandidaat wat die **beste** presteer het.
- Leerder wat as kaptein of onder kaptein gekies is.

10. KRITERIA VIR TROFEE: BESTE HOKKIE DOELWAGTER

- Om te kwalifiseer moet die hokkiespeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Gereelde bywoning van oefeninge.
- Deurlopende deelname aan skool se hokkie-aktiwiteite.
- Neem deel aan beide kwartaal 2 en kwartaal 3 se liga.
- Speel in hokkieliga waaraan skool deelneem.
- Toegeken aan speler uit 0/10A tot 0/13A-spanne
- Doelwagter wat die hoogste prestasie behaal, wat aan die voorafgaande kriteria voldoen het tydens die hokkieseisoen, ontvang die trofee soos deelname aan streek/provinsiaal/nasionaal.
- Indien daar meer as een kandidaat is, word trofee toegeken aan kandidaat wat die beste presteer het.
- Indien kandidate steeds gelyk is, sal die speler wat minste doele teen haar afgestaan het, voorkeur kry.
- Indien twee kandidate steeds gelyk is, sal die toekenning aan die 0/13-speler gaan.

11. BESTE JUNIOR KOLWER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die speler 80% van die ligawedstryde gespeel het:

- Deel wees van die 0/9A of 0/10A-krieketspan.
- Spelers kan slegs kwalifiseer vir een van volgende kriekettrofees (11,12 en 13).
- Speler met hoogste kolfgemiddeld tydens die liga kwalifiseer vir die trofee.
- Indien daar twee kandidate is met dieselfde gemiddeld, kwalifiseer speler met die hoogste kolftempo vir die trofee.

- Berekening: (Moet meer as 3 kolfbeurte gekolf het)
  Gem. = Aantal lopies ÷ aantal keer uit.
  Kolftempo = Aantal lopies ÷ aantal balle gekolf.

12. BESTE JUNIOR BOULER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die speler 80% van die ligawedstryde gespeel het:

- Deel wees van die 0/9A of 0/10A-krieketspan.
- Spelers kan slegs kwalifiseer vir een van die volgende kriekettrofees. (11, 12 en 13)
- Speler met die meeste paaltjies tydens die liga-seisoen.
- Indien daar twee kandidate is met dieselfde hoeveelheid paaltjies, kwalifiseer die speler met die laagste ekonomie vir die trofee.
- Berekening:
  Ekonomie = Totale aantal lopies afgestaan ÷ aantal beurte geboul.

13. KRITERIA VIR RYNIER DE JAGER TROFEE: JUNIOR KRIEKETSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die krieketspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Gereelde bywoning van oefeninge.
- Deurlopende deelname aan skool se krieketaktiwiteite.
- Speel in krieketliga waaraan skool deelneem.
- Toegeken aan speler uit 0/9A en 0/10A-span.
- Die krieketspeler met die beste kolf- en boulgemiddeld vir die seisoen.
- Indien daar meer as een kandidaat is, word trofee toegeken aan kandidaat wat die hoogste span behaal het – hierdie ouderdom word nie gekies tot distrikspanne nie.

14. BESTE SENIOR BOULER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die speler 80% van die ligawedstryde gespeel het:

- Deel wees van die 0/11A, 0/12A of 0/13A-krieketspan.
- Spelers kan slegs kwalifiseer vir een van die volgende kriekettrofees. (13, 14 en 15)
- Speler met die meeste paaltjies tydens die ligaseisoen.
- Indien daar twee kandidate is met dieselfde hoeveelheid paaltjies, kwalifiseer die speler met die laagste ekonomie vir die trofee.
- Berekening:
  Ekonomie = Totale aantal lopies afgestaan ÷ aantal beurte geboul.

15. BESTE SENIOR KOLWER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die speler 80% van die ligawedstryde gespeel het:

- Deel wees van die 0/11A, 0/12A of 0/13A-krieketspan.
- Spelers kan slegs kwalifiseer vir een van die volgende kriekettrofees. (13, 14 en 15)
- Speler met hoogste gemiddeld tydens die liga kwalifiseer vir die trofee.
- Indien daar twee kandidate is met dieselfde gemiddeld, kwalifiseer speler met die hoogste tref-tempo vir die trofee.
- Berekening: (Moet meer as 3 kolf beurte gekolf het)
  Gem. = Aantal lopies ÷ aantal keer uit.
  Kolftempo = Aantal lopies ÷ aantal balle gekolf.

16. KRITERIA VIR HARDY VAN TIDDENS TROFEE: SENIOR KRIEKETSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die krieketspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Gereelde bywoning van oefeninge.
- Deurlopende deelname aan skool se krieketaktiwiteite.
- Speel in krieketliga waaraan skool deelneem.
- Toegeken aan senior speler uit 0/11 tot 0/13-span.
- Krieketspeler wat die hoogste prestasie behaal tydens die krieketseisoen (Lid van die distrikspan of provinsiale span).
- Indien daar meer as een kandidaat is, word trofee toegeken aan kandidaat wat die hoogste kolf- en boulgemiddeld vir die seisoen behaal het.

17. KRITERIA VIR ADOLF ELLIS TROFEE: MEELEWENDSTE LANDLOPER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die atleet aan die volgende vereistes voldoen:

- Die atleet met die derde beste prestasie vir die seisoen sal die trofee ontvang.
- Indien die dogter/seun wat die “Beste landloper van die jaar” toekenning kry se punte die derde beste punt is, sal die toekenning gaan aan die atleet wat dan die tweede beste punt het.
- Indien een van die kandidate bv. net vyf wedlope gehardloop het, sal al die kandidate se beste vyf plekke tel.

18. KRITERIA VIR BCD VAN WYK TROFEE: BESTE LANDLOPER VAN DIE JAAR: SEUN

Om te kwalifiseer moet die landloper aan die volgende vereistes voldoen:

- Lid wees van die Gauteng-Noord Landloopspan wat deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.
- Die atleet met die beste prestasie (Hoogste vlak behaal) tydens die seisoen sal aangewys word vir hierdie toekenning, inaggenome punt een.

19. KRITERIA VIR KOOS BRADLEY TROFEE: BESTE LANDLOPER VAN DIE JAAR: DOGTER

Om te kwalifiseer moet die landloper aan die volgende vereistes voldoen:

- Lid wees van die Gauteng Noord Landloopspan wat deelgeneem het aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe.
- Die atleet met die beste prestasie tydens die seisoen sal aangewys word vir hierdie toekening, inaggenome punt een.

21. KRITERIA VIR NETBALTROFEE: VERDEDIGENDE NETBALSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die netbalspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Slegs 0/12 en 0/13–spelers kom in aanmerking vir die toekenning.
- Kandidaat wat hoogste vlak bereik het, ontvang die toekenning.
- Die trofee word slegs toegeken vir prestasie vanaf distrikspan en hoër.
- Speler wat kaptein of onderkaptein van span was, sal voorkeur kry.
- Speler wat die meeste wedstryde vir die skoolspan gespeel het.
- Speler wat die meeste oefeninge bygewoon het.
- Speler wat goeie sportmansgees deur die seisoen getoon het.

- Indien speelsters steeds gelyk is, sal die mees waardevolste speelster, na gelang van die netbalorganiseerder, verkies word.

22. KRITERIA VIR NETBALTROFEE: AANVALENDE NETBALSPELER VAN DIE JAAR (INSLUITEND SENTER)

Om te kwalifiseer moet die netbalspeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Slegs 0/12 – 0/13–spelers kom in aanmerking vir die toekenning.
- Kandidaat wat hoogste vlak bereik het, ontvang die toekenning.
- Die trofee word slegs toegeken vir prestasie vanaf distrikspan en hoër.
- Speler wat kaptein of onderkaptein van span, sal voorkeur kry.
- Speler wat die meeste wedstryde vir die skoolspan gespeel het.
- Speler wat die meeste oefeninge bygewoon het.
- Speler wat goeie sportmangees deur die seisoen getoon het.
- Indien speelsters steeds gelyk is, sal die mees waardevolste speelster, na gelang van die netbalorganiseerder, verkies word.

23. KRITERIA VIR RUGBYTROFEE: RUGBYSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die rugbyspeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Senior rugbyspelers kom in aanmerking vir die toekenning.
- Beste vordering en hoogste vlak deur ‘n rugbyspeler bereik soos deelname aan Blou Bulle, Cravenweek A- of B-span (provinsiaal).
- Senior spelers se prestasies soos meeste drieë gedruk, verste gevorder tydens proewe of distrikspan gehaal.
- Die trofee word slegs toegeken vir prestasie vanaf distrikspan en hoër.

24. KRITERIA VIR ETTIENNE LEWIS TROFEE: BORDSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die skaakspeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Junior of senior skaakspeler kan kwalifiseer.
- Tydperk wat skaakspeler reeds skaak speel.
- Is dit sy oudste/2de jaar of jongste/1ste jaar in ouderdomsgroep?
- Aantal spelle gewen tydens ligawedstryde.
- Wenner van ‘n bordprys.

25. KRITERIA VIR JOHAN DREYER TROFEE: VEELSYDIGSTE SKAAKSPELER

Om te kwalifiseer moet die skaakspeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Junior of senior skaakspeler kan kwalifiseer.
- Skaakspeler se posisie in span.
- Deelname aan individuele toernooie.
- Prestasie tydens blitstoernooie.
- Deelname aan skaak binne- en buite skoolverband.

26. KRITERIA VIR RENIER SWART TROFEE: JUNIOR SKAAKSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die skaakspeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Toegeken aan junior speler uit 0/9- of 0/10-span.
- Tydperk wat skaakspeler reeds skaak speel.
- Is dit sy oudste(2de) of jongste (1ste) jaar in ouderdomsgroep?
- Getal spelle tydens ligawedstryde gewen.

- Het speler al bordprys gewen?
- Skaakspeler se posisie in span.
- Deelname aan individuele toernooie.
- Prestasie tydens blitstoernooie.
- Deelname aan skaak binne skoolverband.

27. KRITERIA VIR ETTIENNE LEWIS TROFEE: SKAAKSPELER VAN DIE JAAR

Om te kwalifiseer moet die skaakspeler aan die volgende vereistes voldoen:
- Toegeken aan junior speler uit 0/11- of 0/13-span.
- Hoe lank speel speler skaak.
- Is dit sy oudste(2de) of jongste (1ste) jaar in ouderdomsgroep?
- Aantal spelle tydens ligawedstryde gewen.
- Wenner van ‘n bordprys.
- Skaakspeler se posisie in span.
- Deelname aan individuele toernooie.
- Prestasie tydens blitstoernooie.
- Deelname aan skaak binne skoolverband.

28. KRITERIA VIR RUAN BUCKLEY TROFEE: SWEMMER VAN DIE JAAR: SEUN

Om te kwalifiseer moet die swemmer aan die volgende vereistes voldoen:
- Ten minste een keer Victor Ludorum.
- Moes een of meer rekords verbeter het.
- Beste seunspresteerder in Laerskool Wonderboom by al die galas.
- Provinsiale deelname.
- Seun wat verste in swem gevorder het.

29. KRITERIA VIR CHARLENE BUCKLEY TROFEE: SWEMMER VAN DIE JAAR: DOGTER

Om te kwalifiseer moet die swemmer aan die volgende vereistes voldoen:
- Ten minste een keer Victrix Ludorum.
- Moes een of meer rekords verbeter het.
- Beste dogterpresteerder in Laerskool Wonderboom by al die galas.
- Provinsiale deelname.
- Dogter wat verste gevorder het in swem.

30. KRITERIA VIR PIERRE WESSELS TROFEE: BELOWENDSTE SWEMMER

Om te kwalifiseer moet die swemmer aan die volgende vereistes voldoen:
- Swemmer kon as Junior/Senior Victor(trix) Ludorum aangewys wees.
- Deurlopende deelname aan skool se swemaktiwiteite.
- Kon ook provinsiaal presteer.
- Kon rekords verbeter.
- Moes as naasbeste swemmer van Laerskool Wonderboom aangewys gewees het tydens galas op puntetabel wat verskaf word na galas.

31. KRITERIA VIR ENA COETSER TROFEE: BESTE VORDERING: TENNIS

Om te kwalifiseer moet die tennisspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Deelname aan alle ligawedstryde.
- Vordering word veral bepaal op skool se proewe en tydens die liga en gedurende ligawedstryde.
- Speler wat meeste plekke op ranglys opgeskuif het van proewe tot einde van seisoen.

32. KRITERIA VIR FOURIE TOEKENNING TROFEE: BESTE JUNIOR TENNISSPELER

Om te kwalifiseer moet die tennisspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Alle ligawedstryde bygewoon het.
- Speler wat in die 0/11-span bo aan die ranglys eindig aan einde van die jaar.

33. KRITERIA VIR TENNISKAMPIOEN VAN DIE JAAR: SEUN TROFEE

Om te kwalifiseer moet die tennisspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Deelname aan skool se liga.
- Senior seun wat die skool se interne skool kampioenskap wen.
- Senior seun wat bo aan die ranglys eindig aan einde van die jaar.

34. KRITERIA VIR TENNISKAMPIOEN VAN DIE JAAR: DOGTER TROFEE

Om te kwalifiseer moet die tennisspeler aan die volgende vereistes voldoen:

- Deelname aan skool se liga.
- Senior dogter wat die skool se interne skool kampioenskap wen.
- Dogter wat bo aan die ranglys eindig aan einde van die jaar.

AANVAARDING EN GOEDKEURING VAN DIE BEHEERLIGAAM

Aanbeveel deur: **L.M. Kruger: Hoof**	**Handtekening**	
Datum:	14 Oktober 2022	
Goedgekeur deur: **J.J. Bornman: BL-Voorsitter**	**Handtekening**	
Datum:	14 Oktober 2022	

BYLAAG A

VEELSYDIGSTE SPORTSEUN / SPORTDOGTER	
Naam:	**Graad**

Binne skoolverband	**Punt**	**Atletiek**	**Gholf**	**Hokkie**	**Krieket**	**Landloop**	**Netbal**	**Rugby**	**Sewes**	**Skaak**	**Swem**	**Tennis**	**Totaal**
Deelname: (70%) Nie A-spanne	2												
Kaptein: Nie A-spanne	1												
Deelname: (70%) A-spanne	4												
Kaptein: A-spanne	2												
Victor/Victrix Ludorum	1												
Provinsiale kleure	1												
Kaptein van Provinsiale span	1												
Nasionale vlak deelname	1												
Totaal													
Afrigters (Handtekening)													

Bulletjie Rugby
Nina Netbal
Mini-hokkie
Mini-krieket

} 7 jaar

BYLAAG B

SPORTSEUN EN SPORTDOGTER VAN DIE JAAR	
Naam:	**Graad**

Binne skoolverband	**Punt**	**Atletiek**	**Gholf**	**Hokkie**	**Krieket**	**Landloop**	**Netbal**	**Rugby**	**Sewes**	**Skaak**	**Swem**	**Tennis**	**Totaal**
Deelname: (70%) Nie A-spanne	1												
Kaptein: Nie A-spanne (B/C)	1												
Deelname: (70%) A-spanne	2												
Kaptein: A-spanne	2												
Victor/Victrix Ludorum	3												
Clusterspan	4												
Distrikspan	5												
Provinsiale vlak B-deelname	6												
Kaptein: Provinsiale B-span	7												
Provinsiale vlak A-deelname	8												
Kaptein van Provinsiale A-span	9												
Nasionale vlak deelname	10												
Totaal													
Afrigters (Handtekening)													

BYLAAG C

JUNIOR SPORTSEUN EN SPORTDOGTER VAN DIE JAAR	
Naam:	**Graad**

Binne skoolverband	**Punt**	**Atletiek**	**Gholf**	**Hokkie**	**Krieket**	**Landloop**	**Netbal**	**Rugby**	**Sewes**	**Skaak**	**Swem**	**Tennis**	**Totaal**
Deelname: (70%) Nie A-spanne	1												
Kaptein: Nie A-spanne (B/C)	1												
Deelname: (70%) A-spanne	2												
Kaptein: A-spanne	2												
Victor/Victrix Ludorum	3												
Clusterspan	4												
Distrikspan	5												
Provinsiale vlak B-deelname	6												
Kaptein: Provinsiale B-span	7												
Provinsiale vlak A-deelname	8												
Kaptein van Provinsiale A-span	9												
Nasionale vlak deelname	10												
Totaal													
Afrigters (Handtekening)													